

## RTT-woordelys 2019

Hierdie woordelys word deur Study Opportunities voorsien. Alle beskrywings/definisies is op die Tweede Uitgawes van die *Rekenaars, deel van jou lewe*-reeks gebaseer.

Dit kan gebruik word vir die opkyk van terme, en ook vir studie-doeleindes.

- 1: Stelseltegnologieë
- 2: Netwerke en die internet
- 3: Sosiale implikasies
- 4: Inligtingsbestuur
- 5: Word, Excel, Access, HTML

Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
1	<b>3D-drukker</b>	'n Drukker wat dit moontlik maak om fisiese driedimensionele voorwerpe te skep van ontwerpe wat op 'n rekenaar met behulp van CAD- of 3D-modelleringsagteware geskep is.
1	<b>Aanlyn stoor</b>	Stoorspasie op 'n bedienerrekenaar op die internet wat aan gebruikers toegeken word. Gebruikers kan toegang verkry vanaf enige plek waar mens by die bediener kan inteken.
1	<b>Afwaarts / terugwaarts versoenbaar</b>	Die sagteware kan lêers wat in vorige (ouer) weergawes van die sagteware geskep is, oopmaak en gebruik.
1	<b>Algoritme</b>	'n Stap-vir-stap-oplossing vir 'n probleem (gebruik in programmering).
1	<b>Argivering (<i>archiving</i> – lêers)</b>	Kopieë word gehou van lêers wat mens nie regtig meer wil gebruik nie maar net vir verwysing wil hou, ingeval jy dit nodig kry.
1	<b>Aspekverhouding (<i>Aspect ratio</i>)</b>	Die verhouding tussen die wydte en die hoogte van die skerm, bv. 16:9.
1	<b>Bediener (<i>Server</i>)</b>	'n Rekenaar wat dienste of hulpbronne aan ander rekenaars (kliënte) wat aan die netwerk gekoppel is, verskaf.
1	<b>Bedryfstelsel (<i>Operating system</i>)</b>	Stelselsagteware wat alle aktiwiteite binne die rekenaar beheer. Voorbeelde sluit die Windows-reeks, Linux, macOS, iOS en Android in.
1	<b>Beta-sagteware</b>	Voorlopige (voorverkoop-) weergawes van sagteware, wat deur ontwikkelaars vrygestel word sodat dit deur die publiek getoets kan word. Soos foute aangemeld word, probeer die programmeerders om hulle reg te maak voordat die finale weergawe van die sagteware vrygestel word.
1	<b>Biometriese identifikasie</b>	Die gebruik van tegnologie wat 'n unieke biologiese eienskap van 'n mens, soos 'n vingerafdruk of die irispatroon van 'n oog kan skandeer vir identifikasie.
1	<b>Bluetooth</b>	'n Koordlose tegnologie wat toestelle soos muise, drukkers en slimfone toelaat om oor 'n kort afstand met mekaar te kommunikeer.
1	<b>Blu-Ray</b>	'n Optiese formaat wat ontwerp is om hoë-definisie-video (HD) op te skryf, te herskryf en terug te speel, asook om groot hoeveelhede data te stoor (meer as op 'n DVD).
1	<b>Bug (sagteware)</b>	'n Fout wat per ongeluk in die program beland het toe die programmeerders die sagteware ontwikkel het. ( <i>Nie 'n virus nie.</i> )

Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
1	<b>Clipboard</b>	Area in die geheue (RAM) waar objekte (teks sowel as grafika) wat gekopieer of geskuif word, tydelik gestoor word. Hulle word daar gehou totdat hulle iewers geplak ( <i>paste</i> ) word (of totdat die program toegemaak word, of die rekenaar afgeskakel word).
1	<b>Cloud computing</b>	'n Algemene term wat verwys na die deel en gebruik van hulpbronne en toepassings wat as internetdienste aangebied word.
1	<b>Cloud storage</b>	Die aanlyn stoor van lêers.
1	<b>Core</b>	'n Enkele fisiese verwerker. Skyfies wat as ' <i>Dual Core</i> ' beskryf word, het twee verwerkers, dié wat as ' <i>Quad Core</i> ' beskryf word het vier verwerkers, ens.
1	<b>Defragmentasie</b>	Wanneer mens 'n skyf defragmenteer, gebruik jy 'n nutsprogram om gefragmenteerde lêers te herstel. Die nutsprogram wat die lêers defragmenteer sal die deeltjies van die lêers wat oor die skyf versprei lê, herrangskik en elke lêer weer 'aanmeekaarsit', sodat hulle vinniger van die stoormedium af gelaai kan word.
1	<b>Digitale zoom</b>	Soos wat jy 'nader' gaan en die prentjie groter word, word dit ook minder skerp, en op die ou end sien mens net kolletjies.
1	<b>DIMM</b>	<i>Dual Inline Memory Module</i> – 'n Gestandaardiseerde 'stokkie' RAM wat ontwerp is om in 'n DIMM-gleuf op die moederbord in te prop.
1	<b>Disk Cleanup</b>	'n Nutsprogram wat gebruik kan word om meer stoor spasie beskikbaar te maak deur onnodige lêers te verwyder.
1	<b>Disk scanner</b>	'n Nutsprogram wat saam met alle bedryfstelsels kom. Dit kan gebruik word om foute en foutiewe sektore op 'n skyf te soek, en dit te probeer regmaak.
1	<b>Dongle</b>	Toestel wat in 'n USB-poort ingeplug word om 'n koordlose sleutelbord of muis met die rekenaar te laat kommunikeer. Ook 'n 3G- of 4G-'dongle' wat saam met 'n tafelrekenaar of skootrekenaar gebruik kan word, om die rekenaar deur 'n sellulêre netwerk internettoegang te gee.
1	<b>Druk-waglys (Printer queue)</b>	'n Plek op die hardeskyf waar take vir die drukker tydelik gestoor word totdat die drukker gereed is om hulle te druk. Elke drukker het sy eie <i>printer queue</i> .
1	<b>Drywerprogram (Driver)</b>	Sagteware wat jou rekenaar in staat stel om met hardware of toestelle te kommunikeer. 'n Groot klomp van hierdie programme is by die bedryfstelsel ingesluit en oor die algemeen word drywerprogramme outomaties geïnstalleer.
1	<b>DSLR-kamera</b>	<i>Digital Single Lens Reflex</i> – 'n tipe kamera ontwerp vir meer professionele gebruik. Dit laat jou toe om verskillende lense te gebruik, en jy het ook meer beheer oor die tegniese instellings van die kamera.
1	<b>Eiendomsregtelike sagteware (Proprietary software)</b>	Eiendomsregtelike sagteware wat vanaf die eienaar gekoop word, is sagteware wat so gelisensieer is dat die gebruiker dit net volgens sekere voorwaardes mag gebruik. Hulle mag dit nie verander of vir ander uitdeel nie.
1	<b>Enkelgebruiker-bedryfstelsel</b>	'n Bedryfstelsel wat slegs deur een gebruiker op 'n slag gebruik kan word.

Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
1	<b>Enkelgebruiker-lisensie (Single-user licence)</b>	'n Lisensie waar die sagteware net op een rekenaar geïnstalleer mag word. Jy mag dit nie op meer as een rekenaar installeer nie.
1	<b>Ergonomie</b>	Die studie en ontwerp van die werkplek en die toerusting wat in die werkplek gebruik word vir die gemak en veiligheid van mense in hul werksomgewing.
1	<b>EULA</b>	<i>End-User Licence Agreement</i> – 'n wettige kontrak tussen jou as gebruiker en die maatskappy wat die sagteware verskaf. Dit beskryf wat jy met die sagteware mag doen en nie mag doen nie.
1	<b>File attribute (Lêerattribuut)</b>	'n Eienskap van 'n lêer wat gestel kan word. Die twee attribute wat ons die meeste aantref is die <i>Hidden</i> en <i>Read-Only</i> -lêerattribute.
1	<b>File property (Lêerkenmerk)</b>	Die basiese inligting oor 'n lêer soos die naam, grootte en datum waarop dit verander is.
1	<b>Formatering (van 'n skyf)</b>	Die voorbereiding van 'n skyf vir die stoor van data. Die meeste skywe is vooraf geformateer. Die formatering van 'n skyf sal al die data wat daarop gestoor is, uitvee.
1	<b>Fragmentasie</b>	Hoe meer jy jou rekenaar gebruik, hoe meer word lêers (en dele van lêers) oor die skyf versprei. Hoe meer verspreid die dele van lêers is, hoe stadiger word jou rekenaar, omdat dit langer neem om lêers oop te maak.
1	<b>Freeware</b>	Sagteware waarvan al die beskikbare funksies werk, en wat sonder enige beperkinge gebruik en gekopieer kan word.
1	<b>Geheue (RAM)</b>	'n Nie-permanente stoorarea vir programme en data wat deur die rekenaar verwerk word. Geheue verloor sy inhoud as die krag afgeskakel word.
1	<b>Geheuekaart</b>	Elektroniese stoormedia wat in digitale kameras en slimfone gebruik word.
1	<b>Geo-tagging (geo-etikettering)</b>	Proses waarvolgens die geografiese posisie (in terme van die lengte- en breedtegraad se koördinate) vanwaar 'n foto deur 'n digitale kamera geneem is, in die metadata van die lêer gestoor word.
1	<b>Gewone tekslêers</b>	'n Tekslêer wat reëls met ongeformateerde teks bevat. Die lêeruitbreiding .txt word met tekslêers geassosieer.
1	<b>GHz</b>	Afkorting vir Gigahertz. 'n Meeteenheid waarin die spoed van die SVE weergegee word. Hoër is beter.
1	<b>GPS-toestel</b>	<i>GPS</i> staan vir <i>Global Positioning System</i> : 'n Toestel wat bereken waar jy op die aarde se oppervlakte (breedtegraad en lengtegraad) is, gebaseer op 'n sein wat dit van ten minste drie GPS-satelliete af kry.
1	<b>GPU</b>	<i>Graphics Processing Unit</i> – grafikaverwerkingseenheid op die videokaart (soortgelyk aan die SVE op die moederbord), wat by sekere soorte sagteware (CAD, 3D-grafika, speletjies, ens.) die rekenaar se werkverrigting kan verbeter.
1	<b>Greep (Byte)</b>	Elke karakter wat ons stoor, soos '4' of 'A' of '%', neem die hoeveelheid plek in beslag waarna ons as 'n greep (in Engels <i>byte</i> ) verwys.
1	<b>Hardekopie</b>	Afvoer op papier (in teenstelling met sagtekopie – visuele uitvoer op 'n skerm).

Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
1	<b>HDMI</b>	<i>High-Definition Multimedia Interface</i> – 'n koppelvlak wat video en klank van 'n hoë kwaliteit met net een kabel oordra. Dit verskaf beelde van 'n beter kwaliteit omdat dit met digitale seine werk.
1	<b>Hibriederekenaar</b>	Skootrekenaar / tablet met 'n skerm wat mens kan omdraai (of selfs kan afhaal), saam met 'n gewone sleutelbord. Die skerm is raak- of pen-sensitief. Hierdie rekenaars kan óf as gewone skootrekenaars óf as tablette gebruik word.
1	<b>Hidden-attribuu</b>	'n Lêerattribuu wat aandui of 'n lêer sigbaar is of nie. Al verskil tussen 'n versteekte lêer en enige ander lêer, is dat 'n versteekte lêer by verstek nie in die lys van lêers en lêergidse wat jy in File Explorer sien, sal verskyn nie.
1	<b>Inkspruitdrukker</b>	'n Tipe drukker wat mikroskopiese klein kolletjies ink op die papier spuit, en wat relatief goedkoop is om aan te koop, maar relatief duur is om te gebruik. Werk goed vir kleurkopieë van 'n hoë kwaliteit.
1	<b>Intreevlakrekenaar</b>	'n Rekenaar wat die goedkoopste is in 'n reeks (bv. tafelrekenaars), en wat redelike lae hardewarespesifikasies het.
1	<b>ISO-gradering</b>	'n Digitale kamera se sensitiwiteit vir lig. Hoër ISO-graderings is beter.
1	<b>Kaartleser</b>	Toestel waarin mens 'n geheuekaart kan inprop. Data kan dan tussen die geheuekaart en die rekenaartoestel waaraan die kaartleser gekoppel is, oorgedra word.
1	<b>Karpale tonnelsindroom (CTS – Carpal Tunnel Syndrome)</b>	'n Pynlike drukking op die gewrigsenuwees wat deur herhalende handbewegings soos tik veroorsaak word.
1	<b>Kasgeheue</b>	Hoëspoedgeheue wat gebruik word vir data wat gereeld of onlangs gebruik is, sodat daar vinniger toegang tot daardie data verkry kan word.
1	<b>Kleurdiepte</b>	Die aantal bisse wat gebruik is om die kleur vir elke beeldpunt of <i>pixel</i> in 'n prentjie te verteenwoordig.
1	<b>Kontrasverhouding (Contrast ratio)</b>	Die verhouding tussen die donkerste swart en die helderste wit wat die skerm kan weergee. Hoe groter die kontrasverhouding, hoe beter.
1	<b>Konvergensie</b>	Die neiging waar afsonderlike tegnologieë en funksies waarvoor mens in die begin verskillende toestelle nodig gehad het, nou gekombineer word in een enkele toestel, bv. die slimfoon en die tablet.
1	<b>Laai (Boot)</b>	Hierdie term word gebruik om die proses te beskryf waardeur 'n rekenaar gaan wanneer dit aangeskakel word. Wanneer mens 'n rekenaar <i>restart</i> , kan jy ook sê dat jy dit <i>reboot</i> .
1	<b>Laserdrukker</b>	'n Soort drukker wat soos 'n fotostaatmasjien werk, en <i>toner</i> in plaas van ink gebruik. Relatief duur om aan te koop, in vergelyking met inkspruitdrukkers, maar goedkoper om te gebruik, en van die twee is hulle die mees geskikte soort drukker om in groot maat mee te druk.
1	<b>Lêerpad</b>	Die opeenvolging van lêergidse, wat begin met die aandrywerletter en met \ geskei, wat lei tot die plek van 'n spesifieke lêer, bv. U:\Dokumente\Finansies\2019
1	<b>Lêeruitbreiding</b>	'n Stel karakters (gewoonlik 3-5) wat aan die einde van 'n lêernaam gevoeg word en wat die tipe lêer identifiseer, bv. <i>docx</i> is 'n <i>Word</i> -lêer.
1	<b>Linux</b>	'n Oopbron-bedryfstelsel.

Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
1	<b>Lumen</b>	Dit meet die helderheid van die beeld wat 'n dataprojektor projekteer. Hoe hoër die <i>lumens</i> , hoe meer effektief sal die projektor wees.
1	<b>Metadata</b>	Aanvullende data oor 'n lêer wat die inhoud van die lêer beskryf, bv. die skrywer en titel van die lêer.
1	<b>Micro-USB</b>	'n Kleinere tipe USB-poort, gewoonlik op mobiele toestelle soos slimfone.
1	<b>Mobiele gebruikers</b>	Gebruikers (nie noodwendig in 'n aparte kategorie nie) wat net hulle rekenaartoestelle by hulle wil hê waar hulle ook al reis, bv. verkoops personeel en konsultante.
1	<b>Moederbord</b>	'n Groot reghoekige bord in die rekenaarkas wat stroombane bevat met gleuwe en konnekteerders waaraan die SVE, RAM, stoortoestelle en randtoestelle gekoppel kan word. Die moederbord stel al die dele van 'n rekenaar in staat om met mekaar te kommunikeer.
1	<b>Multifunksiedrukker</b>	'n Alles-in-een toevoer/afvoer-toestel wat tipies kan druk, skandeer, fotokopieer en faks.
1	<b>Multigebruiker-bedryfstelsel</b>	'n Bedryfstelsel wat voorsiening maak vir baie gebruikers om tegelyk toegang tot die rekenaarselsel te hê. Dit kom dikwels by netwerke voor waar een enkele bedryfstelsel veelvuldige gebruikers wat <i>gelyktydig</i> aangeteken is, hanteer.
1	<b>Multitaakverwerking</b>	Die vermoë van die bedryfstelsel om veelvuldige take of prosesse tegelykertyd te laai en te verwerk.
1	<b>Multitaakverwerking</b>	Die vermoë van 'n bedryfstelsel om veelvuldige take of prosesse tegelykertyd te laai en te verwerk.
1	<b>Multi-touch (raakskerm)</b>	'n Skerm wat twee of meer vingers wat tegelyk op die skerm druk, kan waarneem, bv. vir 'n knyp-aksie.
1	<b>Nutsprogramme (Utility programs)</b>	Stelselsagteware wat die gebruiker help om instandhoudingstake wat met die bestuur van 'n rekenaar te doen het, te verrig.
1	<b>OCR</b>	<i>Optical Character Recognition</i> , Optiese karakterherkenning – skakel teks in 'n beeld om na redigeerbare teks.
1	<b>Onbestendige (volatile) geheue</b>	Geheue (RAM) verloor sy inhoud as die krag afgeskakel word, en dit beteken dat geheue onbestendig of <i>volatile</i> is. Stoor (en ROM) behou ten alle tye sy inhoud – dit is bestendig of <i>non-volatile</i> .
1	<b>Oopbronsagteware (Open Source Software – OSS)</b>	Sagteware wat vrylik gebruik, verander en versprei mag word. Dit mag egter nie verkoop word nie.
1	<b>Opdateer (van sagteware)</b>	Die proses om die nuutste 'korreksies' van programme te kry waar foute reggemaak is of om nuwe, addisionele funksies en eienskappe te kry.
1	<b>Opgradeer</b>	'n Nuwe weergawe van die sagteware, wat beteken dat 'n nuwe program, met redelike groot veranderinge of nuwe eienskappe, geïnstalleer word. Gebruikers moet gewoonlik vir opgraderings betaal.
1	<b>Optiese zoom</b>	Gebruik lense op die kamera om 'nader' aan die objek wat afgeneem word, te kom. Gebruik optiese <i>zoom</i> as jy foto's van goeie kwaliteit wil hê.
1	<b>Patch</b>	Aflaaibare opdatering tot sagteware, veral om foute reg te stel of sekuriteit te versterk.

Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
1	<b>PDF</b>	<i>Portable Document Format</i> – 'n lêerformaat wat gebruik word om dokument-lêers te versprei, omdat dit nie vereis dat die program waarin dit geskep is geïnstalleer moet wees om dit te lees nie. Al wat jy benodig om dit te kan lees is die gratis nutsprogram, <i>Adobe Reader</i> .
1	<b>Pentoevoer</b>	'n Pen (stilus) is 'n toevoertoestel wat saam met 'n druksensitiewe grafiekablad ( <i>digitising tablet</i> ) gebruik word.
1	<b>Phablet</b>	'n Slimfoon met 'n skerm groter as 5". In grootte is 'n <i>phablet</i> iewers tussen 'n slimfoon en tablet.
1	<b>Pixel density</b>	Digtheid van die beeldpunte (ook bekend as dpi) – die aantal beeldpunte van die beeld wat in 'n 1" horisontale lyn inpas. 'n Hoër beeldpuntdigtheid is beter.
1	<b>Platform</b>	'n Tipe bedryfstelsel, bv. Linux, Android, Windows.
1	<b>Plug-and-play</b>	'n Reeks tegnologieë waar die bedryfstelsel 'n toestel wat by die rekenaar ingeprop is outomaties waarneem en konfigureer, sodat die toestel feitlik onmiddellik gebruik kan word.
1	<b>POS (Point Of Sale)</b>	'n Betaalpuntstelsel wat ontwerp is om die verkoop van goedere en dienste vinniger en makliker te maak.
1	<b>ppm</b>	<i>Pages per minute</i> – die aantal bladsye wat 'n drukker per minuut kan druk, d.i. die 'spoed' van die drukker.
1	<b>Programlêers</b>	Hierdie is in werklikheid programme, en nie datalêers nie, wat uitvoer wanneer dit oopgemaak word. Hulle het gewoonlik .com- of .exe-lêeruitbreidings.
1	<b>QR-kode</b>	<i>Quick Response Code</i> – 'n tweedimensionele vierkantige tipe 'strepieskode' ( <i>barcode</i> ) wat baie meer data as 'n konvensionele strepieskode kan stoor. QR-kodes kan met behulp van die kamera op 'n mobiele toestel geskandeer word.
1	<b>Raakblad (Touchpad)</b>	'n Druksensitiewe oppervlak wat in skootrekenaars ingebou is, en wat in die plek van 'n muis as toevoertoestel dien.
1	<b>Raaskerm (Touch screen)</b>	'n Skerm wat as beide toevoer- en afvoertoestel gebruik word, in toestelle soos slimfone en tablette. Sommige raaskerms reageer op die aanraking van 'n vinger, terwyl ander ontwerp is om met 'n stilus te werk.
1	<b>RAM</b>	(Sien onder Geheue)
1	<b>Read-only</b>	'n Lêerattribuut wat aandui of 'n lêer 'read-only' is of nie. 'n <i>Read-Only</i> -lêer kan nie verander word, en dan onder dieselfde naam in dieselfde lêergids gestoor word nie.
1	<b>Resolusie</b>	<u>Vertoontoestel</u> : Die maksimum resolusie is die hoogste aantal beeldpunte wat deur die beeld ondersteun word, aangedui deur die aantal horisontale beeldpunte vermenigvuldig met die vertikale beeldpunte (bv. 1920 x 1080). <u>Skandeerder</u> : Die getal kolletjies wat die skandeerder per duim kan skandeer. Die resolusie word dus as <i>dpi (dots per inch)</i> uitgedruk. <u>Digitale kamera</u> : Die totale aantal beeldpunte waaruit die foto of prent bestaan. <u>Drukker</u> : Die aantal kolletjies wat die drukker op een horisontale lyn kan skep. Dit word in <i>dpi (dots per inch)</i> gemeet.

Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
1	<b>RFID</b>	<i>Radiofrekwensie-identifikasie</i> – maak van klein radiotoestelle (kleiner as 'n ryskorrel) gebruik om data te stoor en te versend.
1	<b>Rich Text-formaat (rtf)</b>	'n Lêerformaat wat teksformatering soos vetdruk, fontgroottes, tabelstoppunte en selfs prente ondersteun. Die formaat word algemeen gebruik, en deur die meeste woordverwerkers ondersteun.
1	<b>ROM</b>	<i>Read Only Memory</i> – 'n spesiale skyfie op die moederbord wat die instruksies bevat om die rekenaar aan die gang te kry en die bedryfstelsel te laai wanneer dit aangeskakel word.
1	<b>rpm</b>	Revolusies per minuut – eenheid waarin die rotasiespoed van 'n hardeskyf gemeet word, bv. 7200 rpm.
1	<b>Rugsteun (Backup)</b>	Die maak van kopieë van lêers met die doel om ekstra kopieë te hê ingeval die oorspronklike lêers verdwyn of om een of ander rede beskadig word.
1	<b>Safe Mode</b>	Windows laat jou toe om jou rekenaar in Safe Mode te (her)laai om te help om verskeie sagtewareprobleme reg te maak. In Safe Mode word net noodsaaklike stelselprogramme en dienste gelaai.
1	<b>Sagtekopie</b>	Visuele afvoer op ons rekenaarskerms ((in teenstelling met hardekopie – afvoer op papier).
1	<b>SATA</b>	Die interne hardeskyf-koppelvlak of koppelstuk – die manier waarop die hardeskyf aan die moederbord gekoppel is.
1	<b>Sensorgrootte</b>	Die grootte van die sensor in 'n digitale kamera. Hoe groter die sensor, hoe beter is die kwaliteit van die beeld.
1	<b>Service Pack</b>	'n Versameling van al die vorige opdaterings, vir 'n sekere tydspanne ('n jaar of 6 maande). Dit is vir mense wat agter is met opdaterings, sodat alles op een slag reggemaak kan word. <i>Service packs</i> is grootliks uit die mode. Die meeste sagtewaremaatskappye skep sagteware sodat dit gereeld sal nagaan of daar opdaterings beskikbaar is en dit dan outomaties aflaai en installeer.
1	<b>Shareware</b>	Sagteware wat vir 'n beperkte tydperk (gewoonlik 30 dae) gebruik mag word, met die idee dat mens dit eers kan uittoets voordat jy dit koop. <i>Shareware</i> hou gewoonlik op werk as die toetstydperk verby is, en die <i>trial version</i> het soms ook nie al die funksies van die 'volle' weergawe nie. As mens na die toetstydperk wil aanhou om die <i>shareware</i> te gebruik, moet jy daarvoor betaal.
1	<b>Skandeerder (Scanner)</b>	'n Toevoertoestel wat beelde in 'n rekenaar invoer (skandeer), bv. gedrukte teks, grafika, strepieskodes, QR-kodes en selfs dele van die menslike liggaam.
1	<b>Skeduleerder</b>	'n Program wat gebruik word om sekere programme op spesifieke tye te laat uitvoer.
1	<b>Skerm sluitpatroon (Screen lock pattern)</b>	'n Manier om 'n draagbare toestel te sluit, waar jy dan met jou vinger 'n patroon op die skerm moet 'teken' om die toestel weer oop te sluit.
1	<b>SOHO-gebruiker</b>	Kategorie gebruiker ( <i>Small Office Home Office</i> ) wat 'n rekenaar gebruik vir 'n besigheid wat die gebruiker bestuur.
1	<b>Spooling</b>	Die proses waartydens 'n druktaak tydelik na die hardeskyf toe gestuur word totdat die drukker beskikbaar is om die drukwerk te doen.

Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
1	<b>SSD</b>	<i>Solid State Drive</i> – ’n heeltemal elektroniese alternatief vir die hardeskyf. Dit gebruik dieselfde tegnologie as <i>flash</i> -skywe, wat skyf toegang baie vinnig maak.
1	<b>Stelselsagteware</b>	Programme waarmee die rekenaar beheer, ondersteun en bedryf word.
1	<b>Stelselvereistes</b>	Die minimumvereistes (soos die hoeveelheid stoorplek, verwerkingspoed en hoeveelheid geheue) waaraan ’n rekenaar moet voldoen om die sagteware te kan uitvoer. Wanneer sagteware vereistes aangedui word, hou dit gewoonlik verband met die bedryfstelsel wat benodig word.
1	<b>Stemherkenning-sagteware</b>	Sagteware wat maak dat die rekenaar jou kan ‘verstaan’ as jy daarmee praat. Daar is twee basiese kategorieë: sagteware wat jy kan gebruik om opdragte aan die rekenaar te gee en om teks aan die rekenaar te dikteer, en die sogenaamde ‘virtuele assistente’.
1	<b>Stemherkenningsagteware (<i>Speech recognition</i>)</b>	Sagteware wat ‘luister’ na wat jy sê, en dit as opdragte ‘verstaan’, of dit in teks verander (in plaas daarvan dat mens die teks intik).
1	<b>Subskripsie-sagteware</b>	Sagteware waarvoor die gebruiker ’n maandelikse of jaarlikse subskripsie betaal vir die gebruik van die sagteware, bv. Office 365.
1	<b>Supergebruiker (<i>Power user</i>)</b>	Kategorie gebruiker wat die kragtigste en mees moderne hardeware en sagteware nodig het om hul take te verrig, bv. argitekte en ingenieurs. Hulle maak ook gewoonlik gebruik van al die gevorderde funksies van die betrokke sagteware waarmee hulle werk.
1	<b>SVE</b>	Sentrale verwerkingseenheid – hardewarekomponent wat al die data verwerk en al die instruksies uitvoer (in Engels <i>Central Processing Unit</i> – CPU).
1	<b>Tablet</b>	’n Draagbare rekenaar met ’n raak- of pensensitiwe skerm. Soortgelyk aan slimfone maar met die voordeel van ’n groter skerm. Hulle batterye hou ook langer as slimfone se batterye. Mens kan hulle nie gebruik om selfoonoproepe te maak of SMS-boodskappe te stuur of te ontvang nie.
1	<b><i>Task Manager</i></b>	Voorsien inligting oor die rekenaar se werkverrigting en die toepassings en prosesse. Dit word meestal gebruik om take of programme wat opgehou werk het, te beëindig.
1	<b>Terreinlisensie (<i>Site licence</i>)</b>	Dit laat ’n maatskappy of organisasie toe om sagteware ’n onbeperkte aantal kere binne daardie maatskappy of organisasie te installeer.
1	<b>Toegangsbeheer (<i>Access control</i>)</b>	Die bedryfstelsel vra jou eers vir toestemming voordat enige sagteware geïnstalleer kan word. Die idee is dat dit nie langer vir kwaadwillige sagteware moontlik moet wees om op jou rekenaar, sonder jou toestemming, geïnstalleer te word nie.
1	<b>Toegewyde toestel</b>	Toestelle wat ontwerp is om net een spesifieke taak te verrig, soos Outomatiese Tellermasjiene (OTM’s), GPS-toestelle en huishoudelike gebruikstoestelle soos mikrogolfoonde en wasmasjiene.
1	<b>Toepassingsagteware</b>	’n Groep programme wat spesifieke take vir gebruikers verrig, byvoorbeeld woordverwerkingsprogramme.
1	<b><i>Tooltip</i></b>	’n Wenk of inligting wat verskyn wanneer mens die wyser op ’n ikoon of objek laat rus.



Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
1	<b>Trackball</b>	'n Toevoertoestel met 'n groterige bal bo-op ingebou. Wanneer jy die bal met jou duim rol, beweeg die wyser dienooreenkomstig op die skerm.
1	<b>UPS</b>	<i>Uninterruptible Power Supply</i> – 'n toestel wat gebruik word om rekenaars teen kragstuwings en kragonderbrekings te beskerm. Dit bied net vir 'n beperkte tydperk elektriese stroom – genoeg tyd om jou werk te stoor en jou rekenaar behoorlik af te skakel.
1	<b>USB-poort</b>	Die standaard-poort wat oor die algemeen gebruik word om toestelle soos sleutelborde, muise en drukkers aan 'n rekenaar te koppel. USB-poorte en standaarde ontwikkel gedurig en word selfs vinniger.
1	<b>Verfrissingstempo (Refresh rate)</b>	Hoe dikwels of hoe vinnig die beeld op die skerm verfris word. Hoe hoër die verfrissingstempo, hoe beter.
1	<b>Versnellingsmeter (Accelerometer)</b>	Toevoertoestel in slimfone en tablette, wat gebruik word om vas te stel hoe die toestel vasgehou of beweeg word.
1	<b>Verstekdrukker (Default printer)</b>	Die drukker wat gebruik sal word tensy die gebruiker spesifiek aandui dat 'n ander drukker gebruik moet word.
1	<b>VGA-poort</b>	'n Poort wat gebruik word om die skerm met die rekenaar te koppel. Grootliks vervang vandag met ander konneksie tipes, soos HDMI.
1	<b>Videokaart</b>	'n Aparte stroombaanbord ( <i>circuit board</i> ) wat by 'n spesiale gleuf op die moederbord inprop. Dit het sy eie videogeheue, en 'n grafikaverwerkingseenheid ( <i>graphics processing unit</i> of GPU) wat die verwerking van video's verbeter.
1	<b>Virtuele assistent</b>	Sagteware waarmee jy met jou foon (of tablet) kan praat, wat jou dan sal 'verstaan' en reageer op wat jy gesê het.
1	<b>Virtuele geheue</b>	Die ongebruikte skyfspasie van 'n hardeskyf, wat die bedryfstelsel in staat stel om te werk asof dit toegang het tot meer RAM as die hoeveelheid RAM wat fisies in die rekenaar teenwoordig is. Dit stel die rekenaar in staat om nog meer programme tegelyk uit te voer.
1	<b>Webkamera</b>	'n Laeresolusie-kamera wat vinnig en maklik is om op te stel (of in baie skootrekenaars ingebou is). Dit voer intyds videobeelde na die rekenaar en word gebruik vir videokonferensies, sekuriteit en ander situasies waar 'n lewende videovoer benodig word.
1	<b>Wyserstokkie (Pointing stick)</b>	'n Alternatief vir 'n muis by skootrekenaars. Dit bestaan uit 'n klein knoppie tussen die sleutels van die sleutelbord. Die knoppie word beweeg om die muismarker te beweeg, en afgedruk om te klik.
2	<b>3G / 4G (LTE)</b>	Generasies van mobiele selfoontegnologie. Hulle bestaan uit 'n infrastruktuur van netwerke wat tegnologie hoogs gevorderd is, en 3G/4G-handstukke soos slimfone. 4G is ook as LTE bekend.
2	<b>802.11 a/b/g/n</b>	Spesifikasie wat aandui of 'n toestel 'n koordlose aanpasser het (vir WiFi). Die letters dui die spoed van die koordlose netwerk aan.
2	<b>Acceptable Use Policy (AUP)</b>	'n Gedragskode wat die regte en verantwoordelike van gebruikers, veral dié in netwerkomgewings, omskryf.
2	<b>Add-on / Extension (Webblaaierbyvoegsel of -uitbreiding)</b>	'n Derdeparty-app wat afgelaai kan word om die funksionaliteit van 'n webblaaier verder te neem as net om daarmee rond te blaai, bv. Vertaler-nutsprogramme en advertensie-blokkeerders.
2	<b>ADSL</b>	<i>Asymmetric Digital Subscriber Line</i> – 'n permanente digitale konneksie aan die internet wat 'n gewone landlyn of telefoonlyn gebruik.

Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
2	<b>Argivering (e-pos)</b>	Boodsappe word uit jou inboks na 'n argieflêer geskuif – sonder om die boodsappe uit te vee.
2	<b>Bandwydte</b>	Die totale hoeveelheid data wat van een punt na 'n ander binne 'n gegewe tydperk oorgedra word. Dit word gewoonlik in Kilobisse per sekonde (Kbps) of Megabisse per sekonde (Mbps) gemeet.
2	<b>Boekmerke (webblaaier)</b>	'n Opsie wat dit vir gebruikers moontlik maak om kortpaaie te skep na die webblaaie wat hulle dikwels besoek. Ook bekend as gunsteling ( <i>Favorites</i> ).
2	<b>Botnet</b>	'n Groep blootgestelde of geïnfekteerde rekenaars wat aan 'n netwerk soos die internet gekoppel is en oor 'n afstand beheer word om ander masjiene aan te val deur hulle met kwaadwillige sagteware te infekteer, <i>spam</i> uit te stuur, ens.
2	<b>Breëband</b>	'n Hoëspoed-, hoëbandwydte-konneksie met die internet.
2	<b>BYOD</b>	<i>Bring Your Own Device</i> – 'n beleid waarvolgens mense toegelaat word om hul eie rekenaartoestel (skootrekenaar, foon of tablet) skool of werk toe te bring. Hulle gebruik dit dan in plaas van die rekenaartoestel wat deur die skool of maatskappy voorsien of besit word. Hulle koppel aan die skool- of maatskappynetwerk d.m.v. WiFi.
2	<b>Cap</b>	Die beperkte hoeveelheid data wat per maand afgelaai en opgelaai kan word sonder om ekstra te betaal.
2	<b>CAPTCHA</b>	'n Toets om te bepaal of dit 'n mens is wat met die rekenaar in interaksie is. Dit neem gewoonlik die vorm van verwronge letters en/of woorde aan, wat nie deur 'n rekenaarprogram herken kan word nie maar wel maklik deur mense.
2	<b>EFT (Electronic Funds Transfer)</b>	Die oorpasing van geld vanaf een rekening na 'n ander deur gebruik te maak van die internet en internetbankdienste.
2	<b>E-handel (E-commerce)</b>	Die algemene term vir enige besigheidstransaksie wat kommunikasie oor die internet behels.
2	<b>E-pos</b>	Elektroniese pos – boodsappe wat elektronies geskep, gestuur en ontvang word via 'n netwerk, insluitend die internet.
2	<b>E-poslys (Mailing list)</b>	'n Lys e-posadresse gegroepeer onder 'n enkele naam. 'n E-pos aan hierdie lys sal al die e-posadresse op die lys bereik. Ook as 'n <i>verspreidingslys</i> of 'n <i>kontakgroep</i> bekend
2	<b>Firewall</b>	'n <i>Firewall</i> tree as beskerming tussen jou rekenaar en die internet op. Dit kontroleer watter programme via die internet toegang tot jou rekenaar probeer kry, of toegang tot die internet vanaf jou rekenaar probeer kry. Dit kan uit hardeware of sagteware of 'n kombinasie van die twee bestaan.
2	<b>FTP</b>	<i>File Transfer Protocol</i> – 'n Protokol (kommunikasiereëls) wat vinnige en maklike oordrag van lêers tussen rekenaars wat ver van mekaar is toelaat deur die internet te gebruik.
2	<b>Grid computing</b>	'n Stelsel waar die hulpbronne van verskeie rekenaars saamgevoeg en tegelyk gebruik word om 'n enkele probleem op te los.
2	<b>HAN</b>	Huisarea-netwerk – 'n klein netwerk binne iemand se woonplek. Toestelle soos rekenaars, drukkers, tablette, slimfone, slim-TV's en speletjietoestelle kan in so netwerk gekoppel word.

Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
2	<b>Hiperskakel (Hyperlink)</b>	'n Ingeboude konneksie of verbinding na 'n ander plek in 'n dokument (webblad, hulpbron) wat dikwels as blou onderstreepte teks aangedui is.
2	<b>History (Geskiedenis – webblaaiër)</b>	'n Opsie wat jou help om blaaië wat jy voorheen besoek het weer te vind. As jy op hierdie opsie klik vertoon dit 'n lys van webwerwe wat jy besoek het.
2	<b>Hotspot</b>	Die area waarin 'n WiFi-sein opgespoor en gebruik kan word.
2	<b>Instant Messaging (IM)</b>	Lewendige elektroniese kommunikasie wat gewoonlik tussen twee mense op rekenaars of ander toestelle soos slimfone plaasvind. IM-apps het uitgebrei om nie net teks te kan deel nie, maar ook foto's en video. Hulle kan ook stem- en video-oproep maak deur VoIP-tegnologie te gebruik.
2	<b>Internet</b>	'n Rekenaarnetwerk wat oor die hele wêreld strek en bestaan uit rekenaars, toestelle en netwerke wat deur middel van kommunikasiemedia gekoppel is.
2	<b>Intranet</b>	'n Organisasie se private netwerk. Dit is 'n netwerkomgewing wat baie soos die internet is, omdat dit uit die organisasie se webblaaië bestaan. Die inligting op die intranet is net vir die organisasie se werknemers beskikbaar.
2	<b>Intydse boodskapdienste (Real-time messaging)</b>	Intydse stuur/ontvang van boodskappe (ook prente, video en stem) aanlyn. Dit sluit in IM (bv. WhatsApp) en klets ( <i>chat</i> )
2	<b>IP-adres</b>	Internet Protokol-adres – 'n numeriese adres wat 'n rekenaar in 'n netwerk of op die internet uniek identifiseer.
2	<b>ISP</b>	Internet-diensverskaffer ( <i>Internet Service Provider</i> ) – 'n Maatskappy wat oor 'n vinnige, permanente internetkoppeling beskik. Hierdie maatskappye verkoop internettoegang aan individue of organisasies teen 'n maandelikse bedrag.
2	<b>ISP-gebaseerde e-pos</b>	Met 'n ISP-gebaseerde e-posstelsel verkry jy toegang tot jou e-pos deur sagteware soos Microsoft Outlook te gebruik op die toestel waar jou e-posrekening opgestel is.
2	<b>Kasberging (Caching – web)</b>	Die proses wat webbladsye wat onlangs besoek is, tydelik op die hardeskyf stoor sodat toegang daartoe vinniger verkry kan word as dit weer benodig word.
2	<b>Kliëntrekenaars</b>	Rekenaars wat in 'n netwerk gekoppel is en van die dienste en bronne van die bedieners gebruik maak.
2	<b>LAN</b>	Lokale-areanetwerk – 'n netwerk wat rekenaars oor 'n klein area soos in 'n skool, universiteitskampus of in die gebou van 'n maatskappy verbind.
2	<b>LTE</b>	Die volgende generasie hoëspoed sellulêre konektiwiteit ná 3G, ook bekend as 4G.
2	<b>NFC</b>	<i>Near Field Communication</i> – 'n standaard of tegnologie wat elektroniese toestelle in staat stel om koordloos te kommunikeer en data uit te ruil deur dit eenvoudig teen mekaar te laat raak of net naby mekaar te bring. NFC word grootliks vir die verwerking van betalings gebruik.
2	<b>NIC</b>	Netwerkkoppelvlakbeheerder ( <i>Network Interface Controller</i> ) – konekteer rekenaar aan 'n gekabelde netwerk, maak voorsiening vir rekenaar om met die netwerk te kommunikeer.

Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
2	<b>PAN</b>	Persoonlikeareanetwerk ( <i>Personal Area Network</i> ) – 'n netwerk wat rondom 'n enkele persoon of 'n paar mense gestruktureer is met 'n reikafstand van 'n paar meter.
2	<b>Plug-in (browser)</b>	'n Derdeparty- <i>app</i> wat die webblaaier kan gebruik om gespesialiseerde inhoud soos Flash-video's te vertoon.
2	<b>Podcast</b>	'n Klanklêer (dikwels in 'n MP3-formaat) wat beskikbaar is om gratis of teen betaling van die internet afgelaai te word. 'n Video- <i>podcast</i> of <i>vodcast</i> bevat videogrepe of foto's.
2	<b>Pop-up (Opwipper – webblaaier)</b>	'n Webbladvenstertjie wat bo-oor die webblad waarna jy kyk, verskyn. <i>Pop-ups</i> word gewoonlik geskep deur adverteerders en maak oop sodra jy die webwerf besoek.
2	<b>Roeteerder (router)</b>	'n Netwerktuiste wat dit vir toestelle moontlik maak om in 'n netwerk gekoppel te wees en om internetkonnektiwiteit moontlik te maak deur die gebruik van 'n vaste lyn (telefoonlyn of optiese veselkabel) of 'n koordlose verbinding soos WiFi.
2	<b>RSS</b>	<i>Really Simple Syndication</i> – 'n tegnologie wat gebruikers outomaties van opgedateerde inhoud, soos bygewerkte bloginskrywings, voere vanaf webblaaie en nuushoogtepunte voorsien – almal vanaf verskillende webwerwe.
2	<b>Ruggraat (backbone)</b>	'n Netwerkkabel wat verskillende LAN's verbind.
2	<b>Shaped-konneksie (network tuning)</b>	'n Internetkonneksie waar voorkeur gegee word aan sekere internetdienste, soos e-pos, aflaai van data en websoektogte, terwyl ander dienste soos aanlyn speletjies en VoIP laer voorkeur geniet en stadiger is.
2	<b>Sinchronisering (Synching)</b>	'n Kenmerk van aanlyn stoor, waar veranderinge aan 'n lêer op alle toestelle wat daardie lêer deel, opgedateer sal word. Op hierdie manier kan jy seker maak dat jy altyd met die nuutste weergawe van 'n lêer werk.
2	<b>Skype</b>	'n Gewilde program wat gebruik word om deur middel van VoIP te kommunikeer. Mens kan video-oproepe met Skype maak as daar 'n webkamera aan jou rekenaar gekoppel is.
2	<b>Soekenjin (Search engine)</b>	'n Program wat na dokumente op die web soek, deur van sleutelwoorde of frases wat deur die gebruiker ingetik word, gebruik te maak.
2	<b>Sosiale netwerktuiste</b>	'n Webwerf waar individue en organisasies hulle voorkeure, afkeure, belangstellers, foto's en aktiwiteite kan publiseer.
2	<b>Spam</b>	Die elektroniese ekwivalent van gemorspos ( <i>junk mail</i> ) – advertensies wat jy ongevraagd as e-pos ontvang.
2	<b>Switch</b>	'n Tuiste wat gebruik word om die rekenaars in 'n netwerk (soos 'n LAN) met behulp van kables te koppel sodat kommunikasie tussen die rekenaars kan plaasvind. Dit word nie vir koppeling met die internet gebruik nie.
2	<b>Tabbed browsing</b>	Stel jou in staat om 'n klomp webblaaie op aparte tabs van dieselfde webblaaier gelyk oop te hê. So kan jy vinnig tussen die verskillende webblaaie beweeg.

Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
2	<b>Thin client</b>	'n Spesiale (goedkoper) soort rekenaar wat nie sy eie hardeskyf het nie, en beperkte geheue en SVE-krag het. Maak op 'n bediener staat vir hulpbronne.
2	<b>Throttling</b>	Wanneer jou ISP die spoed van jou internetkonneksie verminder ('throttle'), omrede hulle dink jy gebruik te veel data. Elke ISP het 'n beleid vir aanvaarbare gebruik ( <i>Acceptable Use Policy – AUP</i> ) wat spesifiseer hoe en wanneer hulle sulke stappe sal neem.
2	<b>Tuisblad (Home page)</b>	'n Tuisblad is die eerste blad van 'n webwerf en dit bevat inligting oor die webwerf se doel en inhoud. Dit verskaf ook skakels na ander webblaaie en hulpbronne op die webwerf.
2	<b>Twitter</b>	'n <i>Microblogging</i> -diens ('micro' word hier gebruik om die diens te beskryf, omdat boodskappe in Twitter nie langer as 280 karakters kan wees nie). Twitter stel mense in staat om boodskappe aan hulle 'aanhangers' te stuur.
2	<b>Unshaped-konneksie</b>	'n Internetkonneksie waar alle internetdienste dieselfde voorkeur geniet.
2	<b>URL</b>	<i>Uniform Resource Locator</i> – 'n unieke alfa-numeriese adres wat gebruik word om hulpbronne soos webwerwe, webblaaie, dokumente en lêers wat op webbedieners op die web gestoor is, te identifiseer. Dit word in die adresbalkie van 'n webblaaier ingetik.
2	<b>URL shortener (URL-verkorter)</b>	'n Hulpmiddel of diens, soos TinyURL.com, wat 'n lang URL in 'n korter een omskakel. Hierdie korter URL sal 'n gebruiker na dieselfde webadres neem, maar dis makliker om te onthou en/of te tik.
2	<b>UTP-kabel</b>	<i>Unshielded Twisted Pair</i> – die soort kabel wat gewoonlik gebruik word om rekenaars in 'n LAN, insluitend 'n HAN, te verbind.
2	<b>Veilige URL</b>	'n URL wat met <code>https://</code> begin, of as 'n klein slotjie iewers op die webblad vertoon word, dikwels langs die URL. Dit beteken dat die webwerf geënkripteer ( <i>encrypted</i> ) is om aan sekuriteitsvereistes te voldoen.
2	<b>Verspreide rekenaarverwerking (Distributed processing)</b>	'n Tipe verwerking waar die nodige verwerking om 'n probleem op te los tussen rekenaars (verskeie bedieners in verskillende datasentrums) verdeel word, om so die verwerkingskrag te verhoog. (Sien ook <i>Grid computing</i> .)
2	<b>Verspreidingslys (e-pos)</b>	(Sien onder e-poslys.)
2	<b>Vesekabel</b>	'n Soort netwerkkabel wat lig gebruik om data oor te dra en ondersteun dus baie vinnige data-oordrag.
2	<b>Videoblog (vlog)</b>	'n Tipe <i>blog</i> wat van video as die medium gebruik maak. Inskrywings in die <i>vlog</i> bestaan gewoonlik uit videogrepe, ondersteun deur teks en prente.
2	<b>Videokonferensie</b>	'n Aanlyn konferensie gehou deur twee of meer mense op verskillende plekke, waar 'n rekenaarnetwerk gebruik word om klank- en videodata oor en weer te stuur, sodat dit plaasvind asof al die deelnemers in dieselfde lokaal is.
2	<b>Virtuele gemeenskap</b>	'n Groep mense wat aanlyn bymekaarkom om idees en belange te deel.
2	<b>Virusdefinisie of signature</b>	Die patroon waarmee die kwaadwillige sagteware uniek geïdentifiseer kan word.
2	<b>Vlog</b>	(Sien onder <i>Videoblog</i> )

Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
2	<b>Vodcast</b>	(Sien onder <i>Podcast</i> )
2	<b>VoIP</b>	<i>Voice over Internet Protocol</i> – 'n tegnologie wat mens in staat stel om telefoonoproep oor LAN's, WAN's en die internet na enigiemand ter wêreld te maak – solank die persoon ook 'n ooreenstemmende VoIP-stelsel het.
2	<b>WAN</b>	Wye-areanetwerk – 'n rekenaarnetwerk wat oor 'n wye geografiese area versprei is, soos byvoorbeeld oor 'n stad, land of selfs oor kontinente.
2	<b>Webblad</b>	'n Dokument op die web waartoe jy deur 'n webblaaier toegang kan kry, en geskep is in tale soos HTML, JavaScript, PHP en Python.
2	<b>Webgebaseerde e-pos</b>	'n Diens wat jou in staat stel om tot 'n e-posrekening toegang te verkry deur middel van 'n webblaaier, vanaf enige plek waar daar internettoegang is.
2	<b>Weblog / blog</b>	'n Webwerf wat gereeld met nuus en gebeure in chronologiese volgorde opgedateer word. 'n <i>Blog</i> is soos 'n joernaal met die jongste inskrywing bo.
2	<b>Webtoepassing / Aanlyn sagteware</b>	Sagteware wat op bedieners op die internet uitgevoer word – sien program se koppelvlak in jou webblaaier.
2	<b>Wêreldwye web (<i>World Wide Web – WWW</i>)</b>	'n Diens wat op die internet beskikbaar is. Dit bestaan uit 'n groot versameling gekoppelde, interaktiewe dokumente wat op rekenaars regoor die wêreld gestoor is.
2	<b>WiFi</b>	'n Manier om binne 'n relatief klein area koordloos aan 'n bestaande ADSL- of veselkonneksie te koppel. So 'n area word 'n <i>hotspot</i> genoem.
2	<b>Wiki</b>	'n Webwerf waar verskillende mense kan saamwerk deur bydraes te lewer of veranderinge aan die inhoud te maak, bv. Wikipedia.
2	<b>WiMAX</b>	'n Opgradering van WiFi. WiMAX is 'n veiliger koordlose netwerktegnologie wat toestelle oor 'n groter area as WiFi verbind.
2	<b>Wireless LAN (<i>WLAN</i>)</b>	<i>Wireless LAN</i> – 'n term wat gebruik word om aan te dui dat ten minste 'n deel van die netwerk koordloos gekoppel is.
3	<b>Adware</b>	Sagteware wat advertensies aflaai en jou bombardeer met advertensies wat opwip wanneer jy aan die internet gekoppel is.
3	<b>Augmented Reality (Toegevoegde werklikheid)</b>	Soortgelyk aan Virtuele werklikheid, behalwe dat dit nie 'n heeltemal nuwe virtuele wêreld skep nie. Dit neem egter die werklike wêreld waarna jy kyk en voeg rekenaargegenereerde dinge by, soos beelde en 3D-voorwerpe – alles bo-op die beeld wat jy van die werklike wêreld om jou sien.
3	<b>Big Data</b>	Baie groot gestruktureerde of ongestruktureerde versamelings data wat dan deur rekenaars geanaliseer kan word om tendense en verbindings op te spoor.
3	<b>Bitcoin</b>	'n Soort digitale geldeenheid – dit is elektronies, en daar is dus geen fisiese note of muntstukke nie. Dit word nie deur enige bank of land beheer nie.
3	<b>Bot (robot)</b>	'n Rekenaar wat geïnfiltreer (of geïnfekteer) is, en van 'n afstand deur ander rekenaars beheer kan word wanneer dit aangeskakel en met die internet gekoppel is. 'n 'Bot' kan ook 'n 'zombie' genoem word.
3	<b>Card skimmer</b>	Toestel wat magnetiese data op bankkaarte kan lees.

Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
3	<b>Crowdfunding (Skarefinansiering)</b>	Die praktyk om iemand se besigheidsidee of projek te finansier met behulp van klein bedrae wat deur 'n groot aantal mense bygedra word, gewoonlik voordat daar met die projek begin word. Voorbeelde van <i>crowdfunding</i> -platforms is Kickstarter en Indiegogo.
3	<b>Digitale kloof (digital divide)</b>	In ontwikkelende lande (soos Suid-Afrika) en arm gemeenskappe is daar 'n groot deel van die bevolking met beperkte toegang tot en kennis van tegnologie.
3	<b>Digitale migrasie (digitisation of media)</b>	Digitale Migrasie is die proses om TV-sein te verander sodat dit voortaan in 'n digitale formaat in plaas van 'n analoë format uitsaai.
3	<b>DoS-aanval</b>	<i>Denial of Service</i> -aanval, wat duisende geïnfiltreerde rekenaars ('bots') gebruik om 'n bedienerrekenaar te oorweldig met massas navrae (die aanval is suksesvol as die bediener so oorweldig raak dat gewone gebruikers nie meer toegang tot die stelsel kan verkry nie).
3	<b>E-pos-spoofing</b>	Die vervalsing van 'n e-posboodskap se 'header' sodat dit lyk asof die e-posboodskap van iemand anders as van die werklike bron af kom.
3	<b>Groen rekenaarwese (Green computing)</b>	'n Term wat gebruik word om die omgewingsbewuste gebruik van rekenaars te beskryf.
3	<b>Hackers en crackers</b>	Misdadigers wat by rekenaarstelsels inbreek – ter wille van erkenning ( <i>hackers</i> ) of om 'n misdaad te pleeg ( <i>crackers</i> ).
3	<b>Identiteitsdiefstal</b>	Wanneer kriminele jou identiteit steel en dinge doen soos om in jou naam vir krediet aansoek te doen.
3	<b>Inligtingsoorlading</b>	Wat gebeur wanneer mense die hoeveelheid inligting waaraan hulle daaglik blootgestel word, nie kan hanteer nie. Dit kan lei tot 'n gevoel van hulpeloosheid en 'n onvermoë om alles wat na jou kant toe kom af te handel. Op sy beurt kan dit lei tot onproduktiewe gedrag.
3	<b>Internet-hoax</b>	'n Boodskap of artikel wat geskep is met die bedoeling om mense te bedrieg of in te doen. Dit kan per e-pos, SMS, WhatsApp-boodskappe of Facebook- en Twitter-boodskappe ( <i>posts</i> ) gestuur word.
3	<b>IoT</b>	<i>Internet of Things</i> – 'n neiging wat meebring dat allerhande soorte dinge aan die internet koppel, bv. jou ligte en jou voordeurslot. Die doel hiermee is dat hulle op 'n afstand gemonitor en beheer kan word, ongeag waar jy jou ook al bevind.
3	<b>Keylogger</b>	'n Soort spioenware wat rekord hou van die sleutels wat jy druk (en moontlik ook hoe die muis beweeg word, en skermkopieë van wat op jou skerm vertoon word) in 'n poging om uit te vind wat jou gebruikersname en wagwoorde is.
3	<b>Klikkaping (click-jacking)</b>	Verwys na 'n aksie waar 'n webwerf lyk asof dit een ding doen, maar jou klikke word herlei om iets anders te doen. 'n Knoppie op 'n webwerf kan byvoorbeeld lyk asof dit die aflaai van 'n gratis agtergrondprent vir jou werkskerm moontlik maak, maar wanneer jy daarop klik, <i>like</i> jy 'n onverwante webblad op Facebook.
3	<b>Kuber-afknouery (Cyber-bullying)</b>	Die verspreiding van gerugte, skinderstories en die algemene afknouery van 'n ander persoon deur die gebruik van digitale kommunikasiemetodes.
3	<b>Kuber-afloerdery (Cyber-stalking)</b>	Die gebruik van die internet om iemand te teister, af te loer of te agtervolg.

Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
3	<b>Kuberterrorisme</b>	'n Tipe internetaanval wat dele van 'n land se IT-infrastruktuur aanval.
3	<b>Kwarantyn (quarantine) – virus</b>	Die virus word na 'n area op die hardeskyf verskuif waar dit nie die rekenaar kan infekteer nie.
3	<b>Malware</b>	<i>Malicious software</i> – enige sagteware wat met slegte bedoelings geskryf is.
3	<b>Mobiele leer of m-leer</b>	'n Vorm van onderwys en opleiding wat via die internet met behulp van mobiele toestelle verskaf en uitgevoer word.
3	<b>Pharming</b>	'n Soort bedrogskema waar 'n gebruiker outomaties na 'n ander (vervalste) webwerf geneem word selfs al tik hy/sy die korrekte URL vir die amptelike webwerf in. Die misdadiger kan dan enige data wat ingetik word – gewoonlik wagwoorde en PIN's – gebruik.
3	<b>Ransomware</b>	Kwaadwillige sagteware wat data enkripteer (en veroorsaak dat jy dit nie kan gebruik nie) totdat jy 'n losprys aan die <i>hacker</i> betaal.
3	<b>Rekenaarvirusse</b>	Programme wat geskryf is met die doel om die werking van mense se rekenaars te belemmer. Hulle word sonder die gebruiker se medewete of toestemming op sy rekenaar gelaai.
3	<b>Rekenaarwurm</b>	<i>Malware</i> wat homself oor 'n netwerk kan versprei, gewoonlik via e-pos, sonder dat iemand 'n besmette program gebruik het.
3	<b>Roof van programme (Software piracy)</b>	Die onwettige kopiëring en verspreiding van sagteware en CD's / DVD's.
3	<b>RSI</b>	<i>Repetitive Strain Injury</i> – verwys na beserings as gevolg van vinnige, herhalende werk. Die aanhoudende getik van boodskappe op 'n selfoon is een voorbeeld van 'n situasie waar aanhoudende gebruik van sekere litte tot RSI kan lei.
3	<b>Slim huis (Smart home)</b>	Huis waarin virtueleassistent-sagteware aan 'pods' gekoppel is, wat aan al die elektroniese kontroletoestelle in die huis gekoppel is.
3	<b>SMiShing</b>	Wanneer uitvissing ( <i>phishing</i> ) via 'n SMS op 'n slimfoon geloods word. <i>SMiShing</i> is 'n verkorting van <i>SMS phishing</i> .
3	<b>Sosiale manipulasie (Social engineering)</b>	Verwys na aksies waardeur mense mislei en dan gemanipuleer word om vertroulike inligting bekend te maak, of om vir misdadigers toegang tot hul rekenaar of perseel te gee. Dit kan gebruik word om iemand se identiteit te steel, om <i>malware</i> te installeer, of vir ander oneerlike doelwitte.
3	<b>Spioenware (Spyware)</b>	Enige tegniek of sagteware wat probeer rekord hou van die manier hoe jy jou rekenaar gebruik, om hierdie inligting dan aan 'n derde party deur te gee.
3	<b>Telependel (telecommuting)</b>	Werkers kommunikeer elektronies met mekaar, met hul werkgewers en met hulle kliënte. Hulle hoef nie meer na 'n tradisionele kantoor toe te gaan om te werk nie. Hulle kan 'werk toe gaan' of pendel ( <i>commute</i> ) deur eenvoudig met die netwerk of internet te koppel.
3	<b>Trojaan</b>	'n Skadelike program wat homself as 'n nuttige program voordoen. Die program maak op jôú staat om dit te aktiveer.
3	<b>Uitvissingsbedrog (Phishing)</b>	Pogings om die gebruiker te mislei om persoonlike en vertroulike inligting soos PIN-nommers en wagwoorde bekend te maak. Eposboodskappe wat lyk asof dit vanaf 'n wettige organisasie kom, word gewoonlik gebruik.



Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
3	<b>Virtual Reality / VR (Virtuele werklikheid)</b>	'n Tegnologie wat veelvuldige toevoere en afvoere kombineer, sodat jy 'n hele nuwe wêreld wat deur die rekenaar geskep is kan beleef.
4	<b>Geslote vrae</b>	Vrae wat direk deur feite beantwoord kan word. Hierdie vrae begin dikwels met woorde soos Wat? Waar? Wie? Wanneer? Hoeveel? ens.
4	<b>Oop vrae</b>	Vrae wat nie direk deur feite beantwoord kan word nie en vereis dat die situasie op een of ander manier verken word, dinkskrum-sessies gehou word, of menings in ag geneem word. Hierdie vrae begin dikwels met woorde soos <i>Hoekom? Hoe? Gestel?</i> ens.
4	<b>Steekproefgroep</b>	Die groep mense wat jy kies om aan 'n opname deel te neem, en wie se antwoorde die antwoorde van die groter teikengroep moet verteenwoordig. Die steekproefgroep moet redelik verteenwoordigend van die teikengroep wees.
4	<b>Teikengehoor</b>	Die groep wat jy probeer inlig, of aan wie jy verslag doen. Hulle moet in ag geneem word om te weet op watter vlak (in hoeveel diepte, en hoe 'moelik') die inligting moet wees.
4	<b>Teikengroep</b>	Die groep mense wie se inligting jy met behulp van 'n meningsopname of vraelys probeer analiseer. 'n Steekproefgroep van die teikengroep word gewoonlik gebruik om die opname te maak.
5	<b>Absolute selverwysing (Excel)</b>	'n Selverwysing wat nie verander wanneer die funksie of formule gekopieer word nie. Om 'n selverwysing absoluut te maak, word 'n dollarteken (\$) voor die kolomletter en/of rynommer gevoeg.
5	<b>Append (Access)</b>	Voeg rekords in 'n bestaande tabel van 'n databasis by.
5	<b>Attribuut (HTML)</b>	'n Naam-en-waarde kombinasie wat 'n eienskap ( <i>property</i> ) van 'n element definieer. Vir sommige elemente is meer as een attribuut beskikbaar, bv. die fontgrootte en die kleur van die teks.
5	<b>Bibliografie</b>	'n Lys van bronne waarna verwys is, en wat aan die einde van 'n dokument gevind word, geformateer volgens 'n gekose styl, bv. APA of Chicago.
5	<b>Bladsy-boskrif/onderskrif (Header / Footer)</b>	'n Area binne die boonste of onderste kantlyne van 'n dokument wat inligting kan bevat wat op elke bladsy van die dokument of seksie vertoon word, soos bladsynommers, 'n maatskappy se logo of die lêernaam.
5	<b>Bladsy-onderbreking</b>	Begin teks op 'n nuwe bladsy sonder om 'n nuwe seksie te begin.
5	<b>Boekmerk (HTML)</b>	'n Posisie op 'n webblad wat met behulp van HTML-kode gemerk en met 'n sekere naam gestoor word. 'n <i>Anchor</i> -tag saam met die <i>href</i> -attribuut word dan gebruik om 'n hiperskakel na hierdie boekmerk toe te skep.
5	<b>Boekmerk (Word)</b>	Word gebruik om plekke of spesifieke teksgedeeltes in 'n dokument te merk sodat mens vinnig en maklik daarheen kan navigeer.
5	<b>Byskrif (Caption – Word)</b>	'n Genommerde beskrywing wat aan 'n grafiese objek (soos 'n diagram of 'n foto) of aan 'n tabel toegeken word.
5	<b>Chart Area (Excel)</b>	Bestaan uit die <i>Plot Area</i> en die 'buitenste' deel van die grafiek waar die titels voorkom.

Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
5	<b>Combo Box (Access)</b>	'n Lys van waardes waaruit die gebruiker 'n waarde kan kies. Net een waarde sal op 'n slag sigbaar wees, die ander sal verskyn wanneer daar op die pyltjie van die aftrek-kieslys geklik word. 'n <i>Lookup Wizard</i> word gebruik om die lys met waardes te skep.
5	<b>Crop (Word)</b>	Die verwydering van gedeeltes van 'n prent wat jy nie wil gebruik nie. Jy kan die prent ook pasmaak om byvoorbeeld in 'n spesifieke vorm te pas.
5	<b>CSV-lêer</b>	<i>Comma Separated Values</i> -lêer – 'n tekstlêer wat kommas gebruik om die waardes in elke reël te skei. Dit word algemeen gebruik om data vanaf een program na 'n ander in- of uit te voer.
5	<b>Data-etiket (Data labels – Excel)</b>	Die waardes van die datapunte op 'n grafiek.
5	<b>Datareeks (Excel)</b>	'n Kolom of ry getalle in 'n sigblad wat op 'n grafiek vertoon word.
5	<b>Datavalidering</b>	Die toepassing van enige tegniek wat kan verhoed dat ongeldige data ingetik word.
5	<b>Date picker (Access)</b>	Kontrole in <i>Access</i> waarmee mens 'n spesifieke datum kan kies deur op 'n skermkalender te klik.
5	<b>Drop Cap (Word)</b>	'n Vergrote, eerste letter of woord van 'n paragraaf, wat afval in die reël(s) ondertoe.
5	<b>Eindnota (Endnote – Word)</b>	Soos 'n voetnota (soortgelyke funksie), maar die verskil is dat 'n eindnota aan die einde van 'n afdeling, of aan die einde van 'n dokument voorkom.
5	<b>En-streep (Word)</b>	'n Aandagstreep wat net langer as 'n koppelteken is en veral by getalintervalle en tussen opmerkings gebruik word.
5	<b>Etiket (Label – Access)</b>	'n Kontrole wat teks bevat en hoofsaaklik vir opskrifte en byskrifte gebruik word.
5	<b>Filter (Access)</b>	'n Kriterium of reël wat jy vir 'n veld opstel om slegs die rekords wat aan die kriterium voldoen, te vertoon.
5	<b>Filter (Excel)</b>	Kenmerk wat gebruik word om slegs sekere rye data in 'n werkblad te vertoon.
5	<b>Gap width (Excel)</b>	Die afstand tussen die stafies of balkies in 'n grafiek – word as 'n persentasie van die wydte van die stafies of balkies gegee.
5	<b>Geldige data</b>	Data-waardes wat aanvaarbaar is in terme van toelaatbare waardes, die grense waarbinne dit val of die formaat waarin dit ingesleutel is.
5	<b>Gidslyne (gridlines – Excel-grafiek)</b>	Lyne in die plot-area van 'n grafiek, wat dit makliker maak om die waardes van die datapunte te skat.
5	<b>Gidslyntjies (gridlines – Excel-werkblad)</b>	Lyne wat 'n rooster vorm en veroorsaak dat die selle van 'n werkblad onderskei kan word.
5	<b>Hardespasie (Word)</b>	'n Spasie waar woordomvou nie kan plaasvind nie. Die karakters / woorde weerskante daarvan sal saam op 'n reël bly.
5	<b>HTML</b>	<i>HyperText Markup Language</i> – een van die tale waarin webblaaië geskep word. Dit word gebruik om inhoud op die www op te stel en aan te bied, insluitende teks, grafika, klank en video.
5	<b>Inhoudsopgawe (Table of contents – Word)</b>	'n Outomatiese lys van opskrifte of hoofstukke en die bladsynommers waarop dit begin, wat aan die begin van 'n dokument voorkom.

Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
5	<b>Invoer (Importing)</b>	Om data wat met 'n ander weergawe van 'n toepassing of deur 'n ander toepassing geskep is, oop te maak of te 'lees'.
5	<b>Kolomonderbreking (Column break – Word)</b>	Gebruik as jy teks na die begin van die volgende kolom wil skuif.
5	<b>Kombinasiegrafiek (Combo chart – Excel)</b>	As 'n grafiek meer as een datareeks het, kan 'n ander tipe grafiek vir elke reeks gebruik word.
5	<b>Konstante (Excel)</b>	'n Inskrywing wat 'n spesifieke vaste waarde het, bv. 3.5.
5	<b>Kruisverwysing (Cross-reference – Word)</b>	Word gebruik om na verwante inligting op 'n ander plek in dieselfde dokument te verwys. Mens kan kies watter inligting om te vertoon oor die item waarna verwys word. 'n Hiperskakel na hierdie item word by verstek geskep.
5	<b>List Box (Access)</b>	'n Lys van waardes waaruit die gebruiker 'n waarde kan kies maar nie een kan byvoeg nie.
5	<b>Markers (Merkers – Excel)</b>	Puntjies (bv. kolletjies of kruisies) wat gebruik word om die werklike datapunte op 'n lyngrafiek aan te dui.
5	<b>Nie-afbreekbare koppelteken (Word)</b>	Word gebruik indien jy nie wil hê dat 'n woord wat 'n koppelteken bevat daar afgekap moet word nie. (<Shift><Ctrl><Koppelteken>)
5	<b>OLE Object (Access)</b>	'n Datatipe wat behalwe ander datatipes ook grafika, klank en video kan bevat.
5	<b>Plot Area (Excel)</b>	Die 'middelste' deel van die grafiek waar die data – die balkies/stafies/lyn – voorkom.
5	<b>Primêre sleutel (Access)</b>	'n Veld wat elke rekord d.m.v 'n unieke waarde identifiseer.
5	<b>Randskrif (Legend – Excel)</b>	Die 'sleutel' wat die name van die verskillende datareekse in die grafiek aandui, deur die vulkleure of patrone wat gebruik is te benoem.
5	<b>Rekord (Access)</b>	'n Groep verwante velde wat die besonderhede oor 'n bepaalde entiteit bevat.
5	<b>Relatiewe selverwysing (Excel)</b>	Wanneer 'n formule of funksie van een sel na 'n ander gekopieer word, pas die selverwysings relatief tot die oorspronklike sel aan.
5	<b>Seksie (Word)</b>	'n Gedeelte van 'n dokument waarvan die bladsyformatering van die res van die dokument kan verskil. Seksies word dus gebruik om die bladsyuitleg op een of meer bladsye van 'n dokument te varieer.
5	<b>Seksie-onderbreking (Word)</b>	Verdeel 'n dokument of bladsy in seksies en dui die einde van 'n seksie of die begin van 'n nuwe seksie aan. Onderskei seksies van mekaar en laat toe dat verskillende seksies verskillend geformateer kan word.
5	<b>Sitaat (Citation)</b>	Verwysing na die bron wat in 'n spesifieke instansie gebruik is en in die teks, direk na die inligting waarna verwys word, gevind word.
5	<b>Skeidingskarakter (Delimiter)</b>	'n Karakter, soos 'n komma, spasie of tab, wat gebruik word om stukkies data (elke veld) in 'n reël van 'n CSV-lêer te skei.
5	<b>Stack and scale (Excel)</b>	Waar 'n datareeks met prente gevul is, en elke prent gebruik word om 'n sekere aantal eenhede te verteenwoordig.
5	<b>Stacked chart (Opgestapelde-grafiek – Excel)</b>	'n Soort grafiek waar datareekse bo-op mekaar geplaas word – nuttig om hoofkategorieë (groottotale) en subkategorieë in dieselfde grafiek te vergelyk.

Onderwerp	Term	Beskrywing / Definisie
5	<b>String (teksdata)</b>	Kombinasies van karakters (letters, syfers en simbole soos @) in teksdata. Voorbeelde is name en vanne, maar ook stringe syfers soos selnommers en poskode.
5	<b>Styl (Word)</b>	'n Kombinasie van formateringseienskappe, soos font-grootte en -tipe, en paragraafspasiëring, wat as 'n versameling onder een naam gestoor word.
5	<b>Templaat</b>	'n Bloudruk, meesterdokument of raamwerk vir 'n spesifieke soort dokument, met 'n geskikte uitleg. Dit word gebruik deur slegs die ontbrekende inligting in te vul.
5	<b>Toevoermasker (Input Mask – Access)</b>	'n Veldeienskap wat in <i>Design View</i> vir 'n spesifieke veld gestel kan word. Dit is 'n kode wat uit 'n kombinasie van letters, syfers en simbole bestaan, en word gebruik om 'n spesifieke formaat waarin data ingesleutel moet word, af te dwing.
5	<b>Track Changes (Word)</b>	'n Eienskap van 'n woordverwerker wat gebruik kan word om al die veranderinge wat in die dokument gemaak is na te speur of te merk.
5	<b>Trendline (Tendenslyn – Excel)</b>	'n Reguit of geboë soort 'beste pas'-lyn op 'n grafiek, wat die algemene neiging of rigting van die waardes van 'n datareeks (gewoonlik oor 'n sekere tydspan) aandui.
5	<b>Uitvoer (Exporting)</b>	Om data in 'n formaat te stoor wat deur verskillende weergawes van dieselfde toepassing, of deur 'n ander toepassing gelees kan word.
5	<b>Valideringsreël (Validation Rule – Access)</b>	Die voorwaarde(s) waaraan die data in 'n spesifieke veld moet voldoen om as geldige data aanvaar te word.
5	<b>Valideringstekst (Validation Text – Access)</b>	Die boodskap wat vertoon moet word as die data wat ingesleutel is nie aan die voorwaarde(s) in die valideringsreël voldoen nie.
5	<b>Veld (Access)</b>	'n Enkele feit of die kleinste eenheid van data binne 'n databasis.
5	<b>Verstekwaarde (Access)</b>	'n Waarde wat outomaties aan 'n veld in 'n nuwe rekord toegeken word.
5	<b>Voetnota (Footnote – Word)</b>	Bykomende inligting wat onderaan 'n bladsy geplaas word en deur 'n nommer of simbool aan die relevante teks in die dokument op die bladsy gekoppel word.
5	<b>Watermark (Word)</b>	Teks of grafika wat baie lig, as agtergrond, op al die bladsye in 'n dokument voorkom.
5	<b>Widow/Orphan (Word)</b>	'n Enkele reël aan die onderkant of bokant van 'n bladsy, van 'n paragraaf wat verdeel word deur die oorgang na 'n nuwe bladsy.